# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 Nommer 18 10 Mei 2026

## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 10 MEI – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** Lukas 24:36 & Johannes 20:19-31
**Teksverse:** Johannes 20:30-32
**Tema:** Opstandingstyd: Die geloofsbelydenis van Thomas!
Sien is glo! Of is dit? Die teks gaan nie net oor Thomas se twyfel nie, maar oor hoe Christus vir sy kerk sorg deur die getuienis van die apostels te bevestig. Thomas se ongeloof bring spanning, maar Christus soek hom op en herstel wat gebreek is. Hy verskyn aan Thomas en bring hom tot 'n persoonlike en kragtige belydenis: "My HERE en my God." Dit word die hoogtepunt en versterk die fondament van die kerk se geloof. Jesus wys ook dat ware geloof nie eers wil sien nie, maar dat 'n ware geloof gebou is op 'n vertroue in Hom op grond van sy Woord en die apostels se getuienis. Dit is genoeg vir elke gelowige, ook vandag. In die Woordverkondiging let ons op:

1. Christus SOEK die twyfelaar op
2. Christus BRING die twyfelaar tot geloof
3. Christus WYS die voortreflike pad van die geloof

## BYBELSKOOL SONDAG 10 MEI – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Geskrifte: Jesaja

Die boek Jesaja wys hoe God sy volk aanspreek oor sonde, onreg en afgodery, maar terselfdertyd ’n pad van hoop en herstel oopmaak. In hoofstukke 1-39 word Juda gewaarsku dat oordeel gaan kom deur wêreldryke soos Assirië en Babilon, omdat hulle van God afgedwaal het. Tog bly daar hoop: God belowe ’n oorblyfsel en ’n komende Koning wat vrede en geregtigheid sal bring. In hoofstukke 40-66 skuif die fokus na troos en herstel ná die ballingskap, en na die Dienaar wat lyding dra om redding te bring. Die boek eindig met die visie van ’n nuwe skepping waar God regeer en al die nasies ingesluit word.

## SONDAG 10 MEI 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die GKSA Sustentasie en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte Donderdag 14 Mei is na die aanddiens vir die Ekumenisitiet
Die tweede kollekte 17 Mei is na die oggenddiens vir die Expando en na die aanddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Rentia Koch
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Debbie Verreynne
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 10 – Oudl. Marius de Villiers
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Rensche van der Merwe
- Katkisasie: les 11

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 11 TOT 17 MEI 2026

**Maandag 11 Mei**

18:30 Diensgroep bediening vergadering

**Donderdag 14 Mei**

15:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Nelia Booyens; Groep B olv sr Anine vd Walt

18:30 Hemelvaartdiens

**Vrydag 15 Mei**

09:00 Voedingsprojek: Groep A olv sr Nelia Booyens; Groep B olv sr Anine vd Walt

**Saterdag 16 Mei**

Koningskinders maandbyeenkoms

## DIENSBEURTE DONDERDAG 14 Mei 2026

- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 11 – Oudl. Colin Harris
- Diakonale Diensbeurt: Groep 4

## DIENSBEURTE SONDAG 17 Mei 2026

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 13 – Oudl. Fanie du Plessis
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Carien du Plessis
- Katkisasie: les 12

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***12 Mei***

- Sr Sandrie Haasbroek (083 652 3149) Wyk 1

***14 Mei***

- Sr Fia Duiker (082 281 4821) Wyk 41

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***10 Mei***

- Sr Annatjie du Plooy (083 494 0552) Wyk 14
- Sr Henlie Venter (082 696 1384) Wyk 7

***15 Mei***

- Jbr Reghardt Jacobs (073 818 7642) Wyk 13

***16 Mei***

- Sr Mariesa Schutte (082 857 9555) Wyk 39

***17 Mei***

- Sr Lorinda Rossouw (064 947 0192) Wyk 34

**Lief en Leed**

Ons dink in ons voorbidding aan:

- Br Manie Erasmus (082 853 6045) Wyk 11 wat nog in ’n kritieke toestand in die hospitaal is na sy operasie. Mag die HERE hom in die holte van sy Vaderhand koester.
- Br Danie Jansen van Vuuren (082 826 2033) Wyk 39 wat nog nie volkome herstel het na sy operasie nie. Mag die HERE hom beterskap en genesing skenk, as dit Sy wil is.
- Sr Ria Mulder (082 852 2558) Wyk 25 wat nog aansterk na haar operasie en wat ‘n lang pad van herstel het wat vir haar voorlê. Mag die HERE haar die nodige krag daartoe skenk.
- Br Chris Landman (082 802 9313) Wyk 10 wat ’n infeksie opgedoen het en in Krugersdorp Privaat behandel word. Hy wag op toetsuitslae wat sal bepaal of en wanneer hy geopereer sal moet word. Mag die HERE hom rustigheid en vrede skenk in die wagtyd.
- Br Rubin en sr Charoné Posthumus (073 379 7351) Wyk 18 wat ’n groot verlies beleef het. Ons harte en gedagtes is saam met julle en ons bid dat die HERE julle ook in hierdie hartseertyd sal bemoedig, troos en in die geloof sal versterk.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 3 Mei 2026**
R 1536.40 Oggend: Barmhartigheid
R 1089.10 Oggend: Deure/ Thusofonds

**SnapScan: 3 Mei 2026**
R 1048.19 Oggend: Barmhartigheid
R 395.10 Oggend: Deure/ Thusofonds

## *Beroepenuus*

*Beroepe aanvaar*

- Proponent MC (Clerence) Langa na Reformed Family Worship Church, Ndaleni KZN

## *Gedagte vir die week*



En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.
Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.
Handelinge 2:38 en 39

## *Dopper Shopper*

U het ʼn geleentheid om advertensies in te stuur vir plasing in die Dopper Shopper wat op 31 Mei 2026 sal verskyn. Die sluitingsdatum vir plasing van advertensies is 27 Mei 2026. Stuur u advertensie in Word- of JPEG-formaat na skriba@gkkrugersdorp.co.za.
Lidmate kan gratis (A5-kwartblad) produkte, goedere, dienste, werk-geleenthede, vaardighede, ensovoorts in die Dopper Shopper adverteer. Die kostes vir ʼn A5-halfblad is R100 en vir ʼn A5-volblad R200.
Nie-lidmate en plaaslike besighede is ook welkom om advertensies in die Dopper Shopper te plaas. Pryse vir plasing is op aanvraag beskikbaar.

## *Dank God vir sy genade (1)*

- **1 Korintiërs 1:4**: "*Ek dank my God altyd oor julle vir die **genade** wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het.*"

  Paulus se briewe aan die gemeentes bevat aan die begin gewoonlik vier elemente: (1) Van wie, (2) Aan wie, (3) 'n Seënwens, en (4) 'n Dankbetuiging.

  Iemand het eendag gesê as jy die mees goddelose en sedelose stad in die wêreld vat en jy maal dit met tien, is dit min of meer hoe dit in Korinthe gegaan het. En tog: In hierdie stad is daar uitverkore kinders van God. En daarom maak God met hulle bemoeienis – met hierdie brief wat Paulus vir hulle skryf. Ons kyk na vyf dinge waarvoor Paulus **God dank** vir wat Hy vir die gelowiges daar gedoen het. By die derde dankbetuiging gaan dit oor wat die gemeente doen, en dan steeds staan Christus – soos by al die ander – sentraal. By die ander vier gaan dit oor wat God aan die gemeente doen, en alles draai om Jesus Christus en sy versoeningswerk.

### 1. God se genade

*Eerstens*: **vers 4**: "*Ek dank my God altyd oor julle vir die **genade** wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het.*"

- God *gee* sy genade aan jou. As Hy nie sy genade aan jou *gee* nie, dan het jy dit nie. Hy *hoef* dit ook nie aan jou te gee nie. Jy het net mooi niks gedoen wat maak dat jy sy genade verdien nie. Omdat God jou uitverkies het om juis aan jóú sy genade te gee, kan jy nie anders as om Hom voortdurend daarvoor te dank nie.
- Hierdie genade: Wat is dit? Hoe lyk dit? God se genade is Jesus Christus – en alles wat Hy gedoen het. Hy het aan die kruis vir al jou sondes betaal. Paulus verwoord die effek van Christus se versoeningswerk soos volg in

**vers 8**: “*Daar (sal)* ***geen aanklag*** *teen julle … wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie.*" Wanneer jy eendag voor die regterstoel van Christus verskyn, gaan Hy jou vryspreek. Christus het met sy bloed ál jou sondes afgewas. Op die oordeelsdag sal Hy na jou kyk asof jy nooit enige sonde gedoen of gehad het nie (HK 23:60). Jesus bid as ons Hoëpriester vir jou in die hemel (Rom. 8:34). Jesus is besig om jou plek in die huis van jou Vader vir jou voor te berei (Joh. 14:2-3). Dis hoe God se genade lyk.

- Jy kry al hierdie heerlike dinge slegs wanneer jy in Jesus Christus glo.

**2. Die boodskap van Christus is by jou gevestig**

Die *tweede* saak waarvoor Paulus die Here dank staan in **vers 6** – naamlik dat *die* ***boodskap van Christus*** *goed onder die gemeente in Korinte* ***gevestig*** *is*.

- Ons lees in Handelinge 18 dat Paulus op sy tweede sendingreis in Korinte was. Toe het hy Jesus Christus aan hulle verkondig (18:5). Onder sy prediking het baie mense tot geloof in ons Here Jesus gekom (18:8). En nou: Die evangelie van Jesus Christus staan steeds vas onder hulle. Die boodskap – met Jesus Christus as inhoud – het ‘n vaste en permanente staanplek onder hulle. Paulus dank die Here vir die evangelie wat stewig ingeplant is in die hele bestaan – die ontstaan en die voortbestaan – van die gemeente.
- Dank jy en ek die Here genoeg dat Hy dit ook in hierdie gemeente en in jou en my lewe persoonlik gedoen het? Hy het sy Woord vir jou gegee, Hy het Jesus Christus en al sy weldade vir jou gegee, as dié enigste fondament waarop jy jou lewe kan vasanker.

**3. Jy sien uit na Jesus se verskyning**

Die *derde* saak waarby Christus sentraal staan in hierdie dankbetuiging handel oor die *wederkoms van Christus*. **Vers 7**: "*Julle bly ook vol verwagting uitsien na die* ***verskyning*** *van ons Here Jesus Christus*."

- Al het daardie gelowiges in Korinte baie foute gehad – één ding het hulle reg gedoen: Hulle het Christus uit die hemel verwag. Die woord wat Paulus hier vir *verwag* gebruik, beteken nié: *Jy sit passief en wag* nie. Nee, jy wag soos vir iemand wat jy wéét vir jou kom kuier wat jy graag by jou wil hê. Jy is gereed om hom te ontmoet. Jy spits alles wat jy doen op sy aankoms toe.
- Só het die Korintiërs op die terugkoms van Christus gewag. Jy moet uitsien daarna om ons Here Jesus hier by ons te hê. En jy moet gereed wees om Hom te ontmoet.

- Die woord wat Paulus vir Christus se terugkoms gebruik, is *verskyning*. Christus *kom* nie bloot net nie. Hy *arriveer* nie bloot net nie. Hy *verskyn*. Hierdie woord *verskyn* beteken letterlik: Jy neem ‘n sluier weg. Jy sien nou iets wat jy voorheen nog nie gesien het nie – wat verborge, wat bedek was.
- Wanneer Christus terugkom, openbaar Hy Homself aan jou soos wat jy Hom tot nog toe nog nie gesien het nie. Jy gaan Hom sien as God, as jou Here. Jy gaan Hom sien in sy verheerlikte staat – as Koning oor die konings wat al sy en jou vyande die voetbank van sy voete gemaak het. Dan is jou Verlosser by jou – en jy is verlos. Volmaak verlos!
- Dít is tog iets om na uit te sien. Dit gaan met jóú gebeur, en daarvoor moet ons God dank – soos Paulus.

Volgende keer meer oor die dankbetuiging van Paulus.

– André Grové

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

# *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**<u>2026 Jaartema</u>: Die Jaar van God se genade**
**<u>Kwartaaltema</u>: Hemelvaart en Pinkster**

**<u>10 Mei</u>**
Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die geloofsbelydenis van Thomas – Lukas 24:36; Johannes 20:24-31 (T = Joh. 20:27-30).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Jesaja

**<u>14 Mei (Hemelvaart)</u>**
Aand: Dr De Wet – Hemelvaart – Hemelvaart is die oorwinning van Jesus Christus! Psalm 68 (T = Ps. 68:18-19).

**<u>17 Mei</u>**
Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid 1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

**<u>24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

**<u>31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)</u>**
Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons 'n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).
Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**<u>7 Junie</u>**
Oggend: Prof Herrie van Rooy
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**<u>14 Junie</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir 'n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga, Nahum, Habakuk

**<u>21 Junie</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**<u>28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**<u>5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)</u>**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**<u>12 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**<u>19 Julie (Geen aanddiens)</u>**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 JULIE)**